that we present to the people of the Western Cape must be understood within the context of a resolve by over 400 delegates, who represented 162 police stations, Community Police Forums, Non-Govermental Organisations at the historical Indaba held in May 2002. The "**People Oriented, Problem Solving Policing Strategy**" directed us to make this declaration, demonstrating that our people deserve quality service. Being mindful of the fact that the service charter process does not purport to be a quick fix solution – I encourage all our people/communities to take advantage of the opportunity presented from this commitment, by SAPS, CPF's, NGO's to strengthen our partnership, so that we can collectively "contain and eradicate crime", and make the Western Cape a safe and secure home for all, especially for women and children. "Because we care, we must make this province safe. We will change the situation together. Let's commit ourselves to the challenges ahead".



**Mr L M Ramatlakane,**
Minister of Community Safety,
*Western Cape*

Provincial Commissioner, I gladly commit the South African Police Service in the Western Cape to the Service Charter, and pledge to work together with our partners, in order to achieve the aims set out therein. In terms of the focus areas of the Charter, we shall remain driven at all levels, and do everything in our power to do justice to the principles set out therein. The people of this Province have every right to expect of us to be service-orientated and work with efficiency, effectiveness, fairness, impartiality and integrity, and we shall strive to never let them down.



Contained within the Service Charter we also have the commitment of our partners, the Department of Community Safety and the Community Police Forums, and we willingly and eagerly take their hands in the fight against crime and injustice. Together we shall seize this opportunity to shift into a higher gear in order to create a safe and secure environment for all the inhabitants of the Western Cape.

**Adv. L Max,**
Provincial Commissioner, South African Police Service,
*Western Cape*

is a product of intense negotiations between the Minister of Community Safety, Leonard Ramatlakane, the Provincial Commissioner, Lennit Max, the Community & other stakeholders.



At the Indaba held at Cape Town the partnership was strengthened to ensure that peace and security is brought to all communities and also to find workable solutions to address the problem of vigilantism currently affecting some communities. The challenge was accepted by all to unite and enhance energies to support a crime free society instead of becoming part of the problem. It is important to note that the police in the process of transformation are also doing their best to defend and promote human rights.

During deliberations at the Indaba it was emphasized that communities can truly enjoy real conditions of peace and security if we share the responsibility of proactively fighting crime. Our real strength lies in partnership with SAPS and all law enforcement agents.

**Mr L A Maart,**
Chairperson: Provincial Community Policing Board,
*Western Cape*







wat ons vir die mense van die Wes-Kaap aanbied. moet gesien word binne die konteks van 'n besluit geneem deur meer as 400 afgevaardiges wat 162 polisiestasies, gemeenskapspolisieforums en nieregerings-organisasies verteenwoordig by geleentheid van 'n historiese Indaba in Mei 2002. Die "Mensgerigte probleemoplossingstrategie" het ons gelei in die uitreiking van hierdie verklaring, waardeur gedemonstreer is dat ons mense diens van gehalte waardig is. Gedagtig daaraan dat die diensoktrooi nie voorgehou word as 'n kitsoplossing nie, wil ek al ons mense en gemeenskappe aanspoor om die geleentheid wat hierdie verbintenis deur die SAPD, GPF's en NRO's bied, aan te gryp om ons vennootskap te versterk sodat ons gesamentlik misdaad kan bekamp en uitwis en daardeur die Wes-Kaap 'n veilige woonplek kan maak vir almal, veral ons vroue en kinders. Omdat ons omgee, moet ons hierdie provinsie veilig maak. Ons sal saam die huidige toedrag van sake verander. Laat ons ons daartoe verbind om die uitdagings te aanvaar.

**Mnr. L.M. Ramatlakane,**
Minister van Gemeenskapsveiligheid,
*Wes-Kaap*



verbind ek die Suid-Afrikaanse Polisiediens in die Wes-Kaap heelhartig tot die Diensoktrooi en onderneem om met ons vennote saam te werk ter bereiking van die doelstellings daarin vervat. Wat betref die fokusgebiede van die Oktrooi sal ons op alle vlakke alles in die werk stel om reg te laat geskied aan die beginsels daarin uiteengesit. Die mense van hierdie provinsie het alle reg om van ons te verwag om diensgeoriënteer te wees en doeltreffend, effektief, regverdig, onpartydig en met integriteit te werk te gaan, en ons sal daarna strewe om hulle nooit teleur te stel nie.

In die Oktrooi is daar ook die verbintenis van ons vennote, die Departement van Gemeenskapsveiligheid en die Gemeenskapspolisieforums, en ons vat gewillig en met entoesiasme hul hande in die stryd teen misdaad en onreg. Saam sal ons hierdie geleentheid aangryp om na 'n hoër rat te skakel ten einde 'n omgewing te skep wat veilig genoeg sal wees vir al die inwoners van die Wes-Kaap.

**Adv. L. Max,**
Provinsiale Kommissaris, Suid-Afrikaanse Polisiediens,
*Wes-Kaap*



s die produk van intensiewe onderhandeling tussen die Minister van Gemeenskapsveiligheid, Leonard Ramatlakane, die Provinsiale Kommissaris, Lennit Max, die Gemeenskap en ander belanghebbendes.

By die Indaba gehou in Kaapstad is die vennootskap versterk om seker te maak dat vrede en veiligheid na al die gemeenskappe gebring word en ook om werkbare oplossings te vind vir die probleem van vigilante-bedrywighede wat tans sekere gemeenskappe raak.

Die uitdaging is deur almal aanvaar om te verenig en hulle in te span om die gedagte van 'n misdaadvrye samelewing te steun in plaas daarvan om deel te word van die probleem. Dit is belangrik om daarop te let dat die polisie in die proses van transformasie ook hul bes doen om menseregte te beskerm en te bevorder.

Tydens beraadslaginge by die Indaba is dit beklemtoom dat gemeenskappe werklik ware vrede en veiligheid kan beleef as ons die verantwoordelikheid deel en misdaad proaktief bekamp. Ons werklike krag lê in vennootskap met die SAPD en alle wetstoepassingsagente.

**Mnr L.A. Maart,**
Voorsitter: Provinsiale Gemeenskapspolisieraad,
*Wes-Kaap*



